**F.I.J. van Rensburg**

F.I.J. van Rensburg is 'n afgetrede professor in Afrikaanse Letterkunde, RAU, Johannesburg.

# Heraklitiese dagbreek

Die vuur staan aan die dag se poort –
'n dowwe gloed van oker en van rooi
laagsmeulend oor die breedte van 'n kim.

Sal dit die dag word, eindelik,
dat vlam op vlam gaan spring
dwars oor versperrings heen
en diep sal vreet in staal en steen
tot alles puin en molm sal wees?

Of sal hy straks, soos jare reeds,
hom doodstil uitwoed in homself
tot sneeuwit as
wat hemelwyd oor saketorings daal
wat nou nog, swart en bang,
hul armageddon vrees?

'n Môre huiwer op die snykant van 'n lem
en wik en weeg

11 September 2001